

4 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 8:30-59

Fokusgedeelte: Johannes 8:58

Daar is net een ware God, die Vader van Jesus Christus

"Ek is wat Ek is". Só het God sy Naam aan Israel by die brandende doringbos geopenbaar. Jesus noem Homself ook so: (OAV) "Voorwaar, Voorwaar, Ek sê vir julle, voordat Abraham was (ontstaan het), is Ek. "Met sy "Ek is-uitsprake" openbaar Hy sy Goddelike natuur. Wat 'n verdoemende getuienis is dit nie teenoor elkeen wat God sy "Vader" noem maar die Here Jesus verwerp. Jesus het vir die Jode gesê: "As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af gekom". Abraham, die voorvader van die Jode, het Jesus nie verwerp nie. Hy het, toe Isak gebore is, alreeds uitgesien na die koms van die Messias. Die Jode wat beweer dat hulle kinders van Abraham is, wil Jesus egter doodmaak. Daarom verklaar Jesus reguit: "Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader. Hy was van die begin af 'n moordenaar". So verdiep die Here die konflik met die Jode en baan Hy sy weg na sy kruis toe. Dit is egter baie hartseer dat Jesus se eie volksgenote en geestelike leiers sy vyande is (Rom 9:1-5). In verse 30 en 31 word gesê dat hulle aanvanklik selfs in Hom geglo het, maar dit het gou geblyk dat hierdie 'geloof' nie eg was nie. Vandag word Jesus as enigste Middelaar ook al hoe meer deur "skrifgeleerdes" bevraagteken. Die antichris sal ook nog uit die kerk kom (1 Joh 2:18,19). Laat ons wat Hom liefhet onwrikbaar vasstaan by ons belydenis uit die Bybel: Jesus is die lewende Here, die enigste Saligmaker en Seun van God!

Sing: Skrifberyming 3:1,2

Ds J Venter (Emeritust)